




AFRIKA CHRISTEN DEMOKRATIESE PARTY  
**2019 MANIFES** NASIONALE VERKIESING





**AFRIKA CHRISTEN DEMOKRATIESE PARTY  
2019 MANIFES**

# AFRIKA CHRISTEN DEMOKRATIESE PARTY 2019 MANIFES

## INHOUD

	PAGE
Voorwoord: ACDP President, Rev Kenneth Meshoe MP	4
Reus 1: Hoë werkloosheid en te min werksgeleenthede	5
Reus 2: Swak ekonomiese groei	5
Reus 3: Onderwys en vaardigheidsontwikkeling van 'n lae gehalte	6
Reus 4: Onvoldoende gesondheidsdiens	6
Reus 5: Stygende misdaad	7
Reus 6: Korrupsie binne die openbare en privaat sektor	8
Reus 7: Die bedreiging vir eiendomsreg en landelike ontwikkeling	8

# VERENIG BOU GROEI



## AFRIKA CHRISTEN DEMOKRATIESE PARTY 2019 MANIFES

### Voorwoord

Daar het 25 jaar verloop sedert die begin van Suid-Afrika se demokratiese bedeling met sy beloftes van 'n beter toekoms vir ons almal. Tog staar ons vandag steeds openlike ongeregthede en ongelykheid in die gesig en baie van ons leef steeds onder die broodlyn, met min hoop op beduidende werkseleenthede. Ons weet dat die meeste Suid-Afrikaners onveilig voel; bang om die teiken van opportunistiese misdadigers te word wat nie die gereg vrees nie. Rasseverdeeldheid het verdiep, en word dikwels aangehits deur gewetenlose politici wat eerder onderlinge haat en vrees tussen ons aanwakker as om toe te laat dat ons in liefde en respek verenig met 'n gemeenskaplike doel voor oë.

Die **African Christian Democratic Party** is gebou op 'n sterk Bybelse grondslag wat daarop gerig is om God te verheerlik, en jou sowel as jou behoeftes sentraal in die party se beleid stel. Ons is hier om jou te dien en jou te help om die Suid-Afrika wat jy trots is om jou tuiste te noem tot sy volle potensiaal te laat kom; 'n veilige Suid-Afrika met volop geleenthede waar jy en jou gesin kan floreer en groei. Die tyd het aangebreek dat ons ware verandering en vernuwing in ons land geniet wat op die pilare van integriteit, geregtigheid, bekwaamheid, eer en respek gebou is. Kom ons kies om ons pragtige land te genees en te verenig, om saam te bou en te groei. **Stem ACDP.**

Rev. Kenneth Meshoe LP  
ACDP President

Die ACDP het 7 reuse geïdentifiseer wat volgens ons nasionale eenheid, die bou van infrastruktuur, opbou van ons ekonomie, groei, geluk en welvaart belemmer:

## REUS EEN

### Hoë werkloosheid en te min werksgeleenthede

Om 'n Suid-Afrika te bou waar daar werk en geleenthede in oorvloed is en almal – veral ons jongmense – daarby kan baat, sal die ACDP:

- 'n bemagtigende omgewing skep deur die ontwikkeling van infrastruktuur, 'n professionele en vaartbelynde staatsdiens, uitstekende onderwys en beroepsopleiding wat relevant is tot globale tendense en tegnologiese vooruitgang;
- veredeling van rou material sowel as globale bemarking aanmoedig;
- belegging in innovasie, navorsing en ontwikkeling bevorder; en
- 'n kultuur van entrepreneurskap aankweek deur befondsing van onderwys en opleiding sowel as “kleinsakebroeikaste” (privaat maatskappye wat beginbesighede borg en bystaan).

Ons sal op die bekamping van jeugwerkloosheid fokus deur:

- behoeftes in die sakesektor te koppel aan onderwys en te verseker dat jongmense oor die nodige vaardighede in aanvraag beskik deur die befondsing van daardie grade en diplomas;
- die vakleerlingskapsmodel weer instel; en
- besighede se die belastingaansporing vir indiensneming uitbrei en hulle aanmoedig om betaalde internskappe aan jongmense te voorsien.

## REUS TWEE

### Swak ekonomiese groei

Ons wil almal 'n lewenskragtige, gesonde ekonomie in 'n land hê waar werk en geleenthede in oorvloed is en wat almal bevoordeel. Die ACDP steun 'n vryemarkstelsel met 'n sosiale gewete, en sal:

- eiendomsreg binne bestaande grondwetlike bepalings beskerm;
- verseker dat dit maklik is om besighede te begin deur van die onnodige rompslomp ontslae te raak en aansoeke spoedig en doeltreffend te verwerk deur toegewyde besighedsregistrasiesentrums te hê;
- binne 'n raamwerk van billike arbeidspraktyk toetred tot die arbeidsmark vir ongeskoolde arbeid en jeug vergemaklik sonder om die gesondheid, veiligheid en welsyn van werkers in gevaar te stel; en
- onsekerheid oor die beleid uit die weg ruim, soos byvoorbeeld beleid wat verband hou met grondregte, wat direkte buitelandse belegging afskrik;
- nywerhede ontwikkel en bevorder waar daar 'n mededingende voordeel is, soos toerisme, die mynbou en verwante nywerhede; en

- op verdere ontwikkeling van landbou fokus deur kommersiële en bestaansboere te help om meer winsgewend en beter opgelei en toegerus te wees.

## REUS DRIE

### Onderwys en vaardigheidsontwikkeling van 'n lae gehalte

Almal behoort toegang te hê tot gehalte basiese onderwys in veilige fasiliteite wat goed onderhou word; waar ouers sentraal staan in die opvoeding van hul kinders; waar kwaliteit- tersiêre onderwys toeganklik is vir almal wat aan die toelatingsvereistes voldoen en waar vaardigheidsopleiding relevant is tot die behoefte in die mark en beskikbare beroepsgeleenthede. Daarom sal die ACDP:

- 'n wêreldklas onderwysstelsel soos die Cambridge-stelsel instel;
- Godsdiensvryheid in skole beskerm;
- beroepsgerigte onderwys instel;
- opleidingskolleges heropen en toerus en weer skoolinspekteurs aanstel;
- verseker dat onderwysers se salarisse mededingend en regverdig is en dat 'n onderwyser nie meer as 25 leerlinge per klas onderrig nie;
- opleidingsprogramme by skole instel om lees te bevorder en naskoolinisiatiewe te steun;
- aan die behoefte vir spesiale onderwys voorsien deur 'spesiale' en hoofstroomskole;
- skoolbeheerliggame en hul onafhanklikheid versterk en ondersteun;
- aktiwiteit van unies beperk wat die doeltreffende onderrig van ons kinders belemmer en in sekere gebiede die aanstelling en bevordering van opvoeders en hoofde onregverdig beïnvloed;
- kinders se gesondheid en veiligheid eerste stel in terme van skoolinfrastruktuur, voeding en vervoer;
- beslissend optree teen bendes, vuurwapens en dwelms in ons skole;
- verseker dat graad R by alle skole beskikbaar is en dat fasiliteite vir vroeë kinderontwikkeling in alle gebiede beskikbaar is;
- ouderdomsgeskikte werkswinkels vir geslagvoorligtings aanbied vir kinders en hulle ouers;
- nog tersiêre onderwysinstellings bou;
- die gehalte van tegniese en hoër onderwysinstellings verbeter en studente aanmoedig om wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde te studeer, en hoe hierdie velde in die vervaardigingsektor toegepas word;
- inleiding tot rekenaarkodering as vak by skole instel, benewens die bestaande inligtingstegnologievak (IT) vir graad 10 tot 12; en
- tersiêre instellings aanmoedig om die beskikbaarheid van interdisiplinêre grade te verhoog om finansiële innovasie, inligtingstelsels en inligtingstegnologie, groot-data-analise en innovasietegnologie in te sluit.

## REUS VIER

### Onvoldoende gesondheidsdiens

Om 'n Suid-Afrika te geniet waar goeie gesondheid en welsyn die norm is en waar toegang tot gehalte-gesondheidsorg en relevante maatskaplike dienste vir almal beskikbaar is, sal die ACDP:

- verseker dat behoorlike sanitasie en skoon water aan almal voorsien word;

- die privaat sektor handhaaf en antimededingingspraktyke reguleer;
- die regering se voorgestelde onteiening van privaat gesondheidsorg teenstaan;
- verseker dat openbare bewusmakingsveldtogte seksuele onthouding en getrouheid voorstaan;
- begroot vir hospitaalopknapping;
- meer in mediese innovasie, navorsing en ontwikkeling belê;
- die bestuur en verantwoordbaarheid in staatshospitale en klinieke verbeter deur die stelsels en organisasie deur mediese besigheidspesialiste te laat hersien;
- openbare / privaat gesondheidsinisiatiewe ondersteun, soos byvoorbeeld om die privaat sektor te kontrakteer om dienste en hospitaalbeddens te lewer;
- toustaan en lang wagtye in hospitale en klinieke deur beter bestuur verminder, en deur meer verpleegkundiges en mediese personeel aan te stel;
- toegang tot digitale en telemedisyne verbeter, veral in landelike gebiede;
- seker maak dat medisynebestellings, voorsiening daarvan en begroting goed bestuur word om tekortkominge by openbare klinieke en hospitale te voorkom;
- die aantal opgeleide gemeenskapsgebaseerde primêre gesondheidswerkers verhoog;
- verseker dat pasiënte wat na geestesgesondheidsdienste verwys word, opgevolg en met omsigtigheid en respek behandel word;
- inisiatiewe ondersteun wat gesonde dieet en lewenstyl, en fisieke oefening bevorder; en
- wette en beleid verander wat gesinswaardes ondergrawe soos byvoorbeeld dié wat jong meisies toegang tot voorbehoedmiddels en abortsie verleen sonder ouerlike toestemming; onvanpaste geslagsvoorligting in skole voorstaan; wat poog om matige ouerlike tugtiging te verbied; wat prostitusie, pornografie en abortsie-op-aanvraag wettig.

## REUS VYF

### Stygende misdaad

Ons wil almal in 'n Suid-Afrika woon waar ons veilig voel; hetsy in ons wonings of wanneer ons buite ontspan, werk of skool toe gaan; of op die internet besig is. Om dit te bereik, sal die ACDP:

- 'n omvattende antimisdaadstrategie implementeer om te verseker dat misdadigers vinnig in hegtenis geneem, verhoor, skuldig bevind en gevonnissen word;
- politieke aanstellings, bevorderings en kwalifikasies in die polisie, die NVG, die Valke en ander wetstoepassingsagentskappe nagaan en uitstaande dissiplinêre en strafregtelike prosesse bespoedig;
- weer gespesialiseerde polisie-eenhede instel en die opleiding van polisiebeamptes verbeter om te verseker dat ondersoeke tot suksesvolle vonnisoplegging lei;
- die aantal gespesialiseerde howe soos byvoorbeeld die howe vir seksuele misdrywe vermeerder en dienste vir slagoffers van seksuele misdrywe, huishoudelike geweld en mensehandel verbeter, veral dié wat diens aan kwesbare vroue en kinders insluit.
- verseker dat polisiekantore, forensiese laboratoriums en howe goed toegerus is en beman word met geskoolde en opgeleide personeel;
- georganiseerde misdaad stuit, insluitend dwelm- en mensehandelsindikate;
- die aantal wetstoepassers en dwelm-snuffelhonde by alle toegangspunte tot Suid-Afrika te verhoog, sowel as polisieklompjagte om die instroming van dwelms en ander smokkelhandel te voorkom;
- verseker dat swaarder minimum vonnisse opgelê word vir ernstiger misdade;
- die paroolstelsel hersien en geen borgtog toestaan vir moordenaars, verkragters, of misdadigers wat hulle skuldig gemaak het aan gewapende roof, mensehandel en

- motorkapings nie;
- herstellende regsprogramme implementeer vir dié wat kleiner oortredings begaan het;
- gevangenisarbeidsprogramme uitbrei wat help om vaardighede te ontwikkel en geleentheid vir gevangesenes bied om by te dra tot die koste van hul tronkstraf;
- vertrouensverhoudings in gemeenskappe bou, gemeenskapsdeelname aan misdaadvoorkoming aanmoedig en gemeenskapspolisieforums versterk;
- die nasionale landelike veiligheidsplan hersien om die beskerming van alle landelike inwoners, boere en hul werkers te verbeter; en
- openbare bewustheid skep vir individue en besighede om goeie kuberveiligheidspraktyke aan te leer en om vaardige tegnisiërs en ingenieurs op te lei en te vind om die kubernisdaadwet ten volle te implementeer.

## REUS SES

### Korrupsie binne die openbare en privaat sektor

Korrupsie sal slegs uitgeroei kan word wanneer Suid-Afrika bevoegde, betroubare, dienende leiers het wat die bestuur van staatshulpbronne ernstig opneem en vurig is om die lewens van alle Suid-Afrikaners te verbeter. Ons wil veilig voel in die wete dat ons belasting op 'n deursigtige, ekonomiese, doeltreffende en bekwame wyse gebruik word sodat ons droom van 'n toekoms waaraan almal deel het, verwesenlik word. Daarom sal die ACDP:

- ondersoek- en vervolgingsvermoëns versterk en die aantal howe vermeerder wat misdaad in die algemeen, maar veral korrupsie, kan hanteer;
- die spesiale ondersoekendeheid, die ouditeur-generaal, openbare beskermers en soortgelyke instellings, met beide befondsing en bemaagtigende wetgewing versterk en verseker dat hulle beskerm word teen politieke inmenging;
- verseker dat bates vinnig bevries word en gesteelde staatsfondse en bates teruggevind word; asook verseker dat dit terugbesorg word aan die organisasies en individue van wie dit gesteel is;
- verseker dat oortreders in die privaat sektor soos dié wat in die Steinhoff- en VBS-sake geïmpliseer is, strafregtelik en burgerlik aanspreeklik gehou word, en dat die onwettige uitvloei van kapitaal uit die land omgekeer word;
- beslissend optree om staatskaping te stop en korrupsie in staatsdepartemente en staatsentiteite uitgeroei word;
- seker maak dat ouditering nie onder verdenking kom nie en verseker dat dit onder die doeltreffende toesig van professionele sambreelorganisasies gedoen word;
- seker maak dat fluitjieblasers beter beskerming geniet deur te verseker dat die huidige wette ten volle geïmplementeer word;
- 'n leefstyloudit vir senior staatsamptenare en werknemers van staatsentiteite implementeer en hulle én verkose politici verbied om sake met die staat of staatsentiteite te doen; en
- bykomend tot swaar gevangenisstraf, politici wat skuldig bevind word aan omkoperie en korrupsie verbied om as kandidate in enige daaropvolgende verkiesing te staan.

## REUS SEWE

### Die bedreiging vir eiendomsreg en landelike ontwikkeling



Om 'n Suid-Afrika 'n werklikheid te maak waar voedsel bekostigbaar en in oorvloed is, waar grondhervorming mense bevoordeel en die ongeregtighede van die verlede hanteer; waar die titelakte in die hande is van dié wat op die grond woon; en regverdige vergoeding betaal word waar onteiening nodig is, sal die ACDP:

- alle eiendomsregte beskerm en verseker dat regverdige en billike vergoeding betaal word vir grond wat onteien word;
- toegang tot sekerheid van verblyfreg versterk, asook die vryheid om eiendom en grond te bekom, te gebruik, te verhuur en te verkoop.
- 'n omvattende grondoudit van alle grond doen;
- verseker dat staatsgrond wat nie ten volle benut word nie, gebruik word vir die residensiële en landboubehoeftes van gemeenskappe;
- verseker dat die betrokke tradisionele owerheid en die gemeenskap onderhandel oor die eienaarskap van stam- of trustgrond om grondbesit te verleng tot voordeel van almal wat 'n verbintenis met die grond het. Waar burgers binne die regime van stamgemeenskapsgrond wil bly, sal hulle die reg hê om dit te doen;
- volgens beginsels soos regverdigheid en billikheid, die uitstaande eise vir grondhervorming finaliseer, aangesien 'n grondeenaar wat onwettig van sy grond ontnem is, vergoed moet word of sy grond weer moet terugkry;
- aan die landelike armes, huurarbeiders en plaaswerkers se behoeftes voorsien deur hulle toegang tot grond te bied, met 'n stelsel wat deur die regering se eie grondbates en dié van ander gewillige grondeienaars gefasiliteer sal word;
- die oppergesag van die wet beskerm deur te verseker dat wetstoepassingsagentskappe onwettige grondgrype stop. Die beskikbaarheid en gebruik van grond sal hoë prioriteit geniet om grondgrypvoorvalle te voorkom;
- landbou-ontwikkeling en voedselveiligheid 'n prioriteit maak en klein- en opkomende boere bystaan om kommersieel lewensvatbaar te wees deur hulle beter toegang tot finansiering en markte te bied; en
- landelike ontwikkeling bevorder deur aansporings vir nywerhede om na landelike gebiede te verskuif, asook deur die bou van beter infrastruktuur, paaie, behuising, skole en ontspanningsfasiliteite.

Die ACDP is daartoe verbind om hierdie beleid te implementeer en te verseker dat ons almal saam 'n veilige, gesonde en voorspoedige Suid-Afrika kan geniet.

